

HOOFSTUK 2

OORSIG OOR DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE IN SUID-AFRIKA VANAF 1900 - 1982

2.1 INLEIDING

'n Kort oorsig oor die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde (Kyk 1.7.2) in Suid-Afrika (vanaf die begin van die twintigste eeu) is 'n noodsaaklikheid in die studie:

1. Die nodige agtergrondkennis moet verskaf word ten einde 'n duidelike beeld te kry waar die betrokke persone, oor wie die navorsing handel, in die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde inpas.
2. Dit sal verseker dat 'n Liggaamlike Opvoedkundige se bydrae tot die ontwikkeling van die vak nie geëvalueer sal word volgens huidige standaarde nie, maar volgens die standaarde van die betrokke tye waarin die persone gelewe het.

Chronologies word dit aan die hand van die volgende tydperke behandel:

1900 - 1935

1936 - 1949

1950 - 1971

1972 - 1982

Die indeling is gemaak op grond van die feit dat elke tydperk gekenmerk is deur uitstaande gebeure of ontwikkelinge ten opsigte van die vak. Die tydperk 1900-1935 dui die beginjare van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika aan - op die gebied van die onderwys sowel as in die verdedigingsmag. Gedurende die tydperk 1936-1949 het Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika 'n merkwaardige vooruitgang getoon, veral

ten opsigte van die opleiding van onderwysers en instruksieure in Liggaamlike Opvoedkunde, die geleidelike verbetering van toestande in die skole en in die verdedigingsmag en die instelling van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoedkunde (NARLO). Die tydperk 1950-1971 is ingelui met die stigting van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning (SAVGLO & O) met die doel om gesondheid, liggaamlike opvoeding en rekreasie in Suid-Afrika te bevorder en verantwoordelik te wees vir hierdie fasette van die nasionale welsyn (Opperman, 1965; RGN, 1982c:162). Kenmerkend van hierdie tydperk is die daadwerklike stappe wat geneem is ter verbetering van oefenfasiliteite, die verskaffing van voldoende apparaat, die vernuwing van leerplanne en die belangstelling wat in navorsing op die gebied ontstaan het. Die tydperk 1972-1982 is onder andere gekenmerk deur die instelling van 'n nasionale kernsillabus vir Liggaamlike Opvoedkunde vir skole, die verbreding van terreine wat deur die vak betree is, die sterk beklemtoning van voortgesette navorsing en die positiewe bydrae van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVLOR) tot die ontwikkeling van die vak.

2.2 DIE TYDPERK 1900 - 1935

Dié tydperk kan as die wordingsjare van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika bestempel word want voor 1900 was daar weinig sprake van georganiseerde Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

In die Kaapkolonie was Liggaamlike Opvoedkunde - toe Liggaamsoefeninge genoem - reeds vanaf 1892 in die skoolleerplanne opgeneem weens die ywer van die Superintendent-generaal van Onderwys, sir Thomas Muir (Kelder, 1945:115). Dit was eers in 1903 dat Liggaamlike Opvoedkunde in die Transvaal aandag in onderwysverband gekry het met die aanvaarding van die Eerste Onderwysordonnansie waarin melding gemaak is van "liggaamsoefeninge" ten opsigte van die leerplan vir skole (Van der Merwe, 1944:39).

Die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in die Oranje-Vrystaat het bykans dieselfde patroon as dié van die Transvaal gevolg. Dit blyk dat "liggaamsoefeninge" in 1903 reeds in al die laerskole beoefen is. Dit word deur Coetzee (1937:40) beweer dat die genoemde kursus waarskynlik eerder vir dorpskole bedoel was (Willemse, 1969:108). Ook in Natal was daar sedert die begin van die twintigste eeu so ver as moontlik voorsiening gemaak vir "liggaamsoefeninge" aan primêre skole (Steenkamp, 1941:102).

Dit is nie altyd duidelik watter stelsel in die skole gevolg is nie, maar uit inspekteursverslae kan die afleiding gemaak word dat die leerplan wat in die skole gevolg is, hoofsaaklik die leerplan van die Board of Education van Engeland was. Die leerplan het in 1904 verskyn en is opgevolg deur hersiene uitgawes van dié leerplan in 1909, 1919 en in 1933 (Willemse, 1969:83).

Om in die behoefte aan onderwysers te voorsien, is vakansiekursusse vir onderwysers wat nie oor die nodige kwalifikasies beskik het nie, aangebied. Die tekort aan onderwysers is verder aangevul deur onderwysers uit die buiteland en veral vanuit Engeland in te voer (Willemse, 1969:82).

By die opleidingsentra waar onderwysers opgelei is, is daar reeds vanaf die begin van die twintigste eeu gepoog om aan die studente basiese kennis van Liggaamlike Opvoedkunde in verskillende vorme te gee. So is dit byvoorbeeld in die 1906-leerplan van die normaalkolleges in Transvaal as 'n vereiste gestel dat die studente bewys moes lewer dat hulle 'n klas kon laat marsjeer en eenvoudige liggaamsoefeninge kon aanbied (Kelder, 1945:119). Sedert 1904 is dames in Natal te Pietermaritzburg en Durban vir die derdeklasonderwysertifikaat opgelei - waar hulle met Liggaamlike Opvoedkunde kennis gemaak het. Hierdie kursus is in 1908 gestaak toe 'n aanvang gemaak is met die Natalse Opleidingskollege te Pietermaritzburg (Willemse, 1969:92). In die Oranje-Vrystaat is onderwysers reeds sedert 1904 in "orde-oefeninge en liggaamsoefeninge" aan die Normaalkollege in Bloemfontein opgelei (Coetzee, 1937:44). In 1908 is 'n dame wat verantwoordelik was vir "spele" en later nog 'n dame as assistent-onderwyseres in

"orde-oefeninge" by dié kollege aangestel (Kelder, 1945:121). In 1912 het die Polytegniese Kollege in Bloemfontein tot stand gekom en van daardie jaar af het studente van die Normaalkollege klasse in "Vrije en Orde-oefeningen der Gymnastiek" aan die Polytegniese Kollege bygewoon (Willemse, 1969:154). In die Kaapprovinsie is (veral sedert 1920) groter waarde geheg aan gesondheidsleer en Liggaamlike Opvoedkunde in die opleiding van studente (Kaapse Onderwysdepartement, 1920:17). Gedurende 1921 is by die Kaapstadse Opleidingskollege 'n suksesvolle begin gemaak met die gespesialiseerde opleiding van onderwyseresse in Liggaamlike Opvoedkunde onder leiding van mej. M.C. Black (Taylor, 1945:179).

Die volgende belangrike stap in die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika was die instelling van mediese inspeksie. Dr. C.L. Leipoldt is reeds in 1912 in hierdie hoedanigheid in Transvaal aangestel (Willemse, 1969:99); dr. A.M.B. Thompson vanaf 1916 in Natal (Boshof, 1981:12); dr. K. Bremer vanaf 1918 in die Kaapprovinsie, terwyl daar in 1920 in die Oranje-Vrystaat ook 'n begin met mediese inspeksie gemaak is (Boshof, 1981:15). Kelder (1945:121) toon aan dat mediese inspeksie aan die lig gebring het dat Liggaamlike Opvoedkunde 'n noodsaaklikheid in skole was.

In 1921 het die Natalse Onderwysdepartement met 'n besondere onderneming begin, naamlik die Opelugskool in Durban. Destyds was dit die enigste skool vir "agterlike" en vir "liggaamlik afwykende" kinders (Jooste, 1954:34). By hierdie skool, waar die kinders so veel as moontlik in die buitelug verkeer het, is die leerlinge deur middel van massering, spesiale oefeninge (mediese gimnastiek), elektriese behandeling sowel as driloefeninge, behandel en gehelp (Natalse Onderwysdepartement, 1941:35).

Oor die algemeen is Liggaamlike Opvoedkunde in die skole in die tydperk 1900-1935 afgeskeep. Goosen beweer byvoorbeeld in die verband dat die algemene toestand met betrekking tot Liggaamlike Opvoedkunde in dié tydperk in die Oranje-Vrystaat maar swak was en dat bewegings soos die Boy Scouts, Voortrekkers en Kadette aan die kinders Liggaamlike Opvoedkunde moes verskaf (Jooste, 1963:47). Die algemene situasie met

betrekking tot Liggaamlike Opvoedkunde in die ander provinsies het nie veel van die Oranje-Vrystaat verskil nie.

Die behoefte aan 'n organiseerder in Liggaamlike Opvoedkunde vir skole het by al die provinsies begin ontstaan. Die Transvaalse Onderwysdepartement het die voortou geneem toe mnr. J.A. Collard in 1912 as organiseerder in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Rand aangestel is (TOD, 1912:240). Collard het klaarblyklik alles in sy vermoë gedoen om Liggaamlike Opvoedkunde aan die Rand te bevorder. Hy het onder andere "oefeningtafels" vir skole uitgewerk, klas gegee by die Heidelbergse Normaalkollege, massavertonings gereël en praktiese leiding aan onderwysers gegee (TOD, 1931:66). Nieteenstaande al die pogings van Collard om Liggaamlike Opvoedkunde te bevorder, wil dit voorkom asof die vak (oor die algemeen gesien) nie tot sy reg gekom het nie. Nadat Collard in 1931 bedank het, het die Transvaalse Onderwysdepartement nie weer 'n organiseerder in Liggaamlike Opvoedkunde aangestel voor die veertigerjare nie. Dit was ook eers in 1938/1939 dat provinsies soos die Kaapprovinsie, Natal en die Oranje Vrystaat tot die aanstelling van organiseerders in Liggaamlike Opvoedkunde oorgegaan het.

Benewens die bietjie Liggaamlike Opvoedkunde wat daar in dié tydperk (1900-1935) in skole beoefen is, was daar egter ook ander instansies wat liggaamlike aktiwiteite beoefen het. Verenigings soos die Suid-Afrikaanse Seunsklubvereniging, die Suid-Afrikaanse Meisiekklubvereniging, die Young Men's Christian Association en gimnastiekverenigings soos Gordons Club in Kaapstad, die Pretoria Gimnastiekvereniging, die Wandersklub in Johannesburg en verskillende Duitse gimnastiekverenigings het 'n hele verskeidenheid liggaamlike aktiwiteite beoefen wat gewissel het van Sweedse oefeninge en Duitse apparaatwerk tot 'n verskeidenheid van spelletjies en spele soos sokker, tennis, boks en krieket.

Die toestand van Liggaamlike Opvoedkunde in die Unie-Verdedigingsmag (waar dit as Liggaamlike Opleiding bekend gestaan het) gedurende die onderhawige tydperk, het 'n merkwaardige groei getoon sedert hierdie bykans landswye verdedigingsorganisasie in 1912 tot stand gekom het (Geyer, 1969:80). Kursusse in Liggaamlike Opleiding is by die

Leërgimnasium te Robertshoogte (tans Voortrekkerhoogte) gehou. Dié kursusse was grootliks volgens die Britse militêre patroon georganiseer en beplan soos onder andere blyk uit die handleiding (Manual of Physical Training) wat in 1920 verskyn het (Geyer, 1969:83). Die invloed van die Britse opleidingstelsel op liggaamlike opleiding in die Suid-Afrikaanse verdedigingsmag is verder versterk nadat majoor T.H. Wand-Tetley van die Wiltshire Regiment (Engeland) in 1932 na die Unie-Verdedigingsmag gesekeundeer is. Hy het twee lang kursusse van ongeveer 3 maande elk aangebied wat as die grondslag vir die toekomstige opleiding van instruksors in Liggaamlike Opleiding in die Unie-Verdedigingsmag beskou kon word (Goosen, 1970:176). Die leerplan wat gevolg is, het die volgende praktiese en teoretiese afdelings ingesluit:

Praktiese afdelings:

1. Liggaamlike Opleiding
2. Boks
3. Stoei
4. Atletiek
5. Gimnastiek
6. Skerm (Dit is later met perdesport vervang)
7. Swem
8. Netbal
9. Massering en Noodhulp

Teoretiese afdelings:

1. Liggaamlike Opleiding
2. Rekreatiewe Opleiding
3. Lesings oor mediese aspekte
4. Lesings oor ander onderwerpe

Verskeie bekwaamheidstoetse is ook afgelê (Geyer, 1969:94).

Nadat majoor Wand-Tetley op 14 Junie 1942 na Engeland terug is, is die opleidingskursusse deur die Suid-Afrikaanse Polisie oorgeneem. Die

leerplanne wat gevolg is het 'n merkwaardige ooreenkoms met die leerplan van majoor Wand-Tetley getoon (Geyer, 1969:108).

In 1933 het die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) die Spesiale Diensbataljon (SDB) in die lewe geroep om werkvoorsiening te verskaf aan die menigte jongmense wat geen heenkome gehad het as gevolg van die droogte en depressie nie. Die grondslag van die Spesiale Diensbataljon met betrekking tot Liggaamlike Opvoedkunde was:

- Liggaamlike opleiding en dril met die oog op die morele en liggaamlike opleiding van die rekrut.
- Vertonings sodat die publiek die waarde van liggaamlike opleiding kon besef (Goosen, 1970:178).

Sersant J.A. Wallis het in 1935 die eerste Suid-Afrikaner geword wat na Aldershot in Engeland gestuur is om 'n assistent-instrukteurskursus en 'n gevorderde kursus in Liggaamlike Opleiding by te woon. Met sy terugkoms in 1936 het hy sy kennis by die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege toegepas en op dié wyse weer die Britse invloed op die vakgebied versterk (Geyer, 1969:119).

2.3. DIE TYDPERK 1936 - 1949

Gedurende hierdie tydperk het Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika 'n merkwaardige vooruitgang getoon - veral ten opsigte van die opleiding van onderwysers en instruktors in Liggaamlike Opvoedkunde, die verbetering van toestande in die skole en in die weermag, en deur middel van die instelling van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding (NARLO).

Die belangstelling wat vanaf 1936 in Liggaamlike Opvoedkunde begin posvat het, is deur Pienaar (1969:62) aan die ekonomiese oplewing na

die depressiejare en veral aan die behoefte vir "...soldiers in the state of advanced physical skill and attainment..." toegeskryf.

Wat die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde betref, was die algemene toestand in Suid-Afrika voor 1936 soos volg: alhoewel die meeste opleidingskolleges vir onderwysers Liggaamlike Opvoedkunde in een of ander vorm maar veral in die vorm van driloefeninge, aangebied het, was dit slegs by die Kaapstadse Opleidingskollege waar 'n gespesialiseerde kursus in Liggaamlike Opvoedkunde vir dames aangebied is.

Gedurende 1936-1939 het die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente begin om spesialiseringkursusse vir die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde in te stel (Anon., 1948a:6). Die Pretoriase Tegniese Kollege was die eerste inrigting in Transvaal wat onderwysers uitsluitlik vir onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde opgelei het (Jooste, 1954:73). Hierna het kolleges in Heidelberg, Pretoria, Johannesburg en Potchefstroom gevolg (Alberts, 1966:6). Die Normaalkollege in Bloemfontein het in 1939 die eerste spesialiseringkursus in Liggaamlike Opvoedkunde in die Oranje-Vrystaat ingestel (Willemse, 1969:118). In die Kaapprovinsie was die opleidingskollege in die Paarl in 1936 die eerste inrigting in dié provinsie wat 'n opleidingskursus in Liggaamsoefeninge vir mans ingestel het. Mnr. H.J. Taylor is as dosent daarvoor aangestel (Boshof, 1981:7). Hierna het ander kolleges gevolg soos byvoorbeeld Graaff-Reinet met 'n spesialiseringkursus in Liggaamlike Opvoedkunde vir dames in 1941 (Kaapse Onderwysdepartement, 1946:70). In 1939 moes alle studente aan opleidingskolleges in die Kaapprovinsie vyf periodes Liggaamlike Opvoedkunde per week hê (Willemse, 1969:89).

Om in die behoeftes te voorsien van 'n groot aantal skole wat te klein was om onderwysers wat in Liggaamlike Opvoedkunde gespesialiseer het, aan te stel, is radiolesse verskaf ten spyte van die probleme daaraan verbonde (Kaapse Onderwysdepartement, 1946:70).

Die Transvaalse Onderwysdepartement het in 1938 besluit om vier beurse vir oorsese studie beskikbaar te stel vir onderwysers wat 'n spesiale aanleg vir Liggaamlike Opvoedkunde gehad het, ten einde hulle in staat

te stel om na die buiteland te gaan en hulself beter in die vak te bekwaam. Twee mans, naamlik D.P.J. Smith en I.R. van der Merwe en twee dames, naamlik mej. E. Hartmann en mej. P. Evans is gekies om 'n driejarige kursus in die buiteland te volg (TOD, 1938a:32).

Tot in hierdie stadium was daar geen inrigting of instansie in Suid-Afrika wat bereid was om verantwoordelikheid vir 'n prakties-wetenskaplike kursus of kursusse ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde te aanvaar nie. Stellenbosch was die eerste universiteit in Suid-Afrika om dié taak aan te pak en so 'n kursus sedert 1937 aan te bied (Boshof, 1981:22). Dr. E. Jokl het hierdie eenjarige kursus van stapel gestuur. Hierdie kursus is in 1938 gevolg deur 'n driejarige diplomakursus onder die departementshoofskap van dr. A. Obholzer. In 1940 is 'n vierjarige graadkursus, naamlik B.Ed.Phys. ingestel (Willemse, 1969:90). In hierdie stadium het J.W. Postma opgetree as waarnemende hoof van hierdie Departement.

Ander universiteite in Suid-Afrika het die voorbeeld van Stellenbosch gevolg want vanaf 1945 het die Universiteit van Grahamstad begin met die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak op tweedejaarsvlak in die B.Sc.-graadkursus. Die eerste departementshoof was E. Locke (Willemse, 1969:91). Alhoewel studente van die Potchefstroomse Universiteitskollege reeds sedert 1936 Liggaamlike Opvoedkunde as 'n praktiese vak in die Onderwysdiploma van die universiteit kon volg, het die vak eers in 1945 volle erkenning gekry toe dit as hoofvak in die B.Sc.-graadkursus ingestel is. Vanaf 1947 het die universiteit begin om die B.P.Ed.-graadkursus, waarvan Liggaamlike Opvoedkunde een van die hoofvakke was, aan te bied. Die eerste hoof van die departement was D.P.J. Smith (Du Plessis, 1977:7). In 1947 het die Universiteit van Pretoria 'n selfstandige departement van Liggaamlike Opvoedkunde gekry met C.M. Smit as die eerste departementshoof. Dié universiteit het aanvanklik 'n vierjarige graadkursus, naamlik B.Ed.Phys. ingestel waarin Liggaamlike Opvoedkunde oor drie jaar geneem kon word en die vierde jaar aan Hoër Onderwysdiplomavakke gewy is. Hierdie kursus is later verander sodat Liggaamlike Opvoedkunde as 'n driejarige hoofvak vir graadkursusse gevolg kon word (Willemsse, 1969:105). By die destydse Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat

is 'n graadkursus in Liggaamlike Opvoedkunde vanaf 1947 ingestel. Dit was 'n vierjarige B.P.Ed.-graadkursus waarin Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak aangebied is. Die eerste hoof van die departement was I.R. van der Merwe (Willemse, 1969:112).

Benewens die verbetering wat daar plaasgevind het ten opsigte van die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde, was daar nog 'n ander positiewe stap wat geneem is ter bevordering van die vak in die Suid-Afrikaanse skole, naamlik die aanstelling van organiseerders vir die vak in die verskillende provinsies. Alhoewel die Transvaalse Onderwysdepartement in 1912 die inisiatief geneem het deur die aanstelling van Collard as organiseerder aan die Rand (TOD, 1912:260), is daar na sy bedanking in 1931 nie weer 'n organiseerder in sy plek aangestel nie. Enkele geringe pogings is wel aangewend om hierdie leemte te vul aangesien I.R. van der Merwe sodanige opsienerspos tydelik vanaf 3 Augustus 1943 tot 17 Januarie 1944 beklee het (Alberts, 1966:7). Gedurende 1944 het die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding en die Unie-Onderwysdepartement ooreengekom dat hulle deskundiges, naamlik J.F. Botha en C.M. Smit enkele hoërskole en normaalkolleges in Transvaal kon besoek (Alberts, 1966:13). Mej. P.M. Evans het vir enkele maande (Augustus 1944 tot Oktober 1944) die pos van opsiener vir Liggaamlike Opvoedkunde in Transvaal beklee en in Oktober 1945 is J.A.O. Green tydelik as opsiener vir Liggaamlike Opvoedkunde benoem met die beperkte opdrag om swemonderig in die skole te bevorder. Dit was eers in 1949 dat Matt Maré as voltydse opsiener vir Liggaamlike Opvoedkunde in Transvaal aangestel is (Willemse, 1969:102). Na 'n jaar se diens het hy bedank. Die posbenaming is later verander na Adviseur in Liggaamlike Opvoeding en in 1954 het A.V.N. de Vos dié pos beklee (Willemse, 1969:102). Die Kaapprovinsie het mnr. H.J. Taylor en mej. M. Logeman in 1938 as organiseerders vir Liggaamlike Opvoedkunde aangestel (Willemse, 1969:86); Natal in 1939 vir mnr. E. Braham (Willemse, 1969:94), en die Oranje-Vrystaat in 1939 vir mnr. A. van der Plaats en mej. A.I. Salmon (Willemse, 1969:110). Die Unie-Onderwysdepartement het mej. H. Morrison en mnr. C.M. Smit in 1939 as organiseerders aangestel terwyl mej. E. Hartmann dié pos as inspektrise in Liggaamlike Opvoedkunde vanaf 1949 beklee het. Die aanstelling van organiseerders in Liggaamlike

Opvoedkunde deur die verskillende onderwysdepartemente het baie daartoe bygedra dat Liggaamlike Opvoedkunde in die skole merkwaardig sou verbeter - soos wat dit sou blyk in die periode van 1950-1971.

Een van die belangrikste gebeure in die tydperk 1936-1949 was die daarstelling van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding (NARLO). Die NARLO is in 1937 deur die kabinet in die lewe geroep. Dié Raad was 'n onderafdeling van die Unie-Onderwysdepartement en die volgende partye betrokke by verskeie instansies was op die Raad verteenwoordig:

- Die sekretaris van die Departement van Onderwys
- Een verteenwoordiger van elke provinsie, by voorkeur die hoofde van die Provinsiale Onderwysdepartemente
- Die sekretaris van Verdediging
- Die sekretaris van Volkswelsyn
- 'n Verteenwoordiger van die Departement Volkswelsyn
- 'n Verteenwoordiger van die Verenigde Munisipale Uitvoerende Komitee
- 'n Verteenwoordiger van die Olimpiese en Britse Rykspele Assosiasie
- 'n Deskundige op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde verbonde aan die Departement van Unie-Onderwys
- 'n Onderwyser in Liggaamlike Opvoedkunde
- 'n Verteenwoordiger van vrywillige organisasies wat ook werk in verband met Liggaamlike Opvoedkunde verrig (Geyer, 1969:147)

Later het die volgende partye ook sitting op die Raad verkry:

- Die sekretaris van Naturellesake
- Die direkteur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing
- Die hoof-mediese beampte van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (Botha, 1945:166)

Die Raad het verskeie funksies gehad waarvan die belangrikste was om Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika te koördineer en in die algemeen te bevorder. Samevattend het die werksaamhede van die Raad die volgende behels:

1. Die opvoeding van die publiek en die verspreiding van inligting in verband met Liggaamlike Opvoedkunde in die land as geheel.
2. Die daarstelling van 'n eenvormige leerplan en 'n stelsel van Liggaamlike Opvoedkunde in die land as geheel.
3. Navorsing in verband met Liggaamlike Opvoedkunde.
4. Steun aan munisipaliteite en ander instansies wat fasiliteite vir Liggaamlike Opvoedkunde oprig en werksaamhede in dié verband onderneem.
5. Steun aan vrywillige organisasies soos klubs en bewegings wat Liggaamlike Opvoedkunde beoefen en bevorder.
6. Burodiensle, byvoorbeeld inligting in verband met afmetings en die aanle van bane; oprigting van gimnastieksale; standaardspesifikasies en die pryse van toerusting vir gimnastiek en sport; inligting oor afrigting en die onderrig van Liggaamlike Opvoedkunde en sport (Botha, 1945:169).

Die Raad het daadwerlik opgetree en om sy saak te propageer en het van die radio en die pers gebruik gemaak. Aanvanklik het die Raad geen amptelike mondstuk gehad nie, maar in Mei 1939 is daar besluit om van die kwartaalblad *Liggaamsopvoeding*, wat toe deur die Universiteit van Stellenbosch uitgegee is, as amptelike mondstuk gebruik te maak (Op't Hof, 1939:3). In September 1939 het die blad die offisiële orgaan van die NARLO geword en is tot 1945 deur die Universiteit van Stellenbosch in samewerking met die NARLO en die Departement van Volksgesondheid uitgegee (Willemsse, 1969:116). In September 1947 het die NARLO begin met die uitgawe van die kwartaalblad *Vigor* in samewerking met die Unie se Departement van Gesondheid (Willemsse, 1969:116). Hierdie kwartaalblaie het 'n groot en belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die vakgebied in Suid-Afrika gelewer.

Benewens genoemde kwartaalblaie is daar in September 1942 oorgegaan tot die publikasie van die halfjaarlikse vakblad *Volkskragte*

(Willemse, 1969:117). Dié blad het onder redaksie van drr. B.M. Clark, E.H. Cluver en E. Jokl gestaan en dit is gewy aan die publikasie van vakliteratuur wat kon bydra tot die verbetering van volksgesondheid, die algemene werkkrag en algemene lewensgeluk. Dié publikasie is tot en met September 1947 uitgegee (Willemse, 1969:117).

In 1939 het die NARLO Niels Bukh van Denemarke genooi om met sy studente vertonings in die groter sentra van Suid-Afrika te lewer. Hierdie toer, wat vanaf 24 Augustus tot 14 Oktober 1939 geduur het, het in sy doel geslaag (Willemse, 1969:116). Die vak is nie net deur die vertonings bevorder nie maar ook deur lesings wat Bukh aangebied het en deur middel van artikels van hom in die blad Liggaamsopvoeding self.

In 1947 het die NARLO ook 'n besoek van 'n groep Switserse gimnaste gereël wat vanaf 15 September tot 20 Desember 1947 deur die land getoer en vertonings gelewer het (Willemse, 1969:116).

Een van die baie take van die Raad was die daarstelling van eenvormige leerplanne. Om hierdie opdrag uit te voer, is verskeie onderkomitees deur die NARLO saamgestel. Die vrug van die komitees se arbeid het geblyk uit die publikasie van die volgende werke:

1. Terme In Verband Met Liggaamlike Opvoeding

Dié werk het in 1940 verskyn en die doel daarvan was om 'n definitiewe terminologie vir Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika te verskaf aangesien daar op daardie stadium nie so iets bestaan het nie (NARLO, 1940d).

2. Junior Boek

Hierdie werk het in 1941 verskyn. Die inhoud daarvan was bedoel vir seuns en dogters tot die leeftyd van tien jaar (NARLO, 1941b).

3. Leerplan Vir Liggaamlike Opvoeding Vir Normaal- en Opleidingskolleges

Dié werk is in 1941 deur die NARLO uitgegee met die doel om eenvormigheid in die opleiding van onderwysers te verseker (NARLO, 1941c).

4. Senior Boek I

Hierdie werk het in 1943 verskyn en was vir seuns bo tien jaar en vir mans saamgestel. In die werk is formele gimnastiek (wat alle vorms van vormgewende of houdingsoefeninge insluit) sowel as die meer kunsmatige behendigheidsoefeninge, soos toestelgimnastiek en tuimeloefeninge, behandel (NARLO, 1943a).

5. Senior Boek II

Hierdie boek het in 1947 verskyn en is ook vir seuns bo tien jaar en vir mans saamgestel. Hierin was al die ander terreine van Liggaamlike Opvoedkunde (veral sportsoorte) wat nie in die Senior Boek I behandel is nie, behandel (NARLO, 1947).

6. Senior Boek III

Hierdie werk het eers in 1952 verskyn toe die NARLO reeds afgeskaf is. Dié werk was die eweknie van die Senior Boek I en die Senior Boek II, maar is saamgestel vir die gebruik van meisies bo tien jaar en vir vroue (NARLO, 1952).

In 1942 het al die Onderwysdepartemente in Suid-Afrika die beleid wat in die leerplanne van die NARLO neergelê was, aanvaar. Die opvatting dat Liggaamlike Opvoedkunde uitsluitlik uit gimnastiekoefeninge bestaan, is laat vaar en dit het plek gemaak vir 'n breër konsep waarby Liggaamlike Opvoedkunde in die eerste plek gesien is as deel van die algemene opvoeding en waarin daar veral klem gelê is op die waarde van die ontwikkeling van algemene liggaamlike vaardighede, die aanleer van gesonde ontspanningsaktiwiteite en die ontwikkeling van karaktervorming. (SAVGLO & O, 1956b). Die beleid het bepaal dat daar op skole minstens drie periodes (dit wil sê 120 minute) per week aan Liggaamlike Opvoedkunde bestee moes word en dat deelname aan die aktiwiteite wat

in die leerplan beskryf is (gimnastiek, ritmiese aktiwiteite, spele, atletiek, swem, ensovoort) noodsaaklik geag is vir die bereiking van die gestelde doel (SAVGLO & O, 1956b). Of hierdie beleid wel by alle skole toegepas is, is egter 'n ope vraag.

Die daarstelling van die NARLO het ook 'n positiewe invloed op die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in die Unie-Verdedigingsmag gehad. As gevolg van 'n tekort aan gekwalifiseerde instruktors in Liggaamlike Opvoedkunde het die Unie-Verdedigingsmag probleme ondervind om skemas met betrekking tot Liggaamlike Opleiding in werking te stel (Geyer, 1969:151). As gevolg van dié toedrag van sake is besluit om:

- 'n Skool vir Ligaamlike Opleiding te Robertshoogte op te rig en om die dienste van 'n offisier en van 'n onderoffisier uit Engeland vir 'n tydperk van 18 maande te verkry om die opleiding van instruktors in Liggaamlike Opleiding in die Unie-Verdedigingsmag te behartig.
- 'n Geskikte offisier van die Suid-Afrikaanse Staandemag na die buiteland te stuur om daar opleiding te ondergaan met die doel dat hy uiteindelik die bevel van die gestigte skool kan oorneem (Geyer, 1969:151).

Na aanleiding van bogenoemde besluite is luitenant D.S. Pretorius aan die einde van 1937 na Engeland gestuur om 'n kursus in Liggaamlike Opleiding aan die Army School of Physical Training te Aldershot te deurloop (Geyer, 1969:151). Verder het kaptein F.S.S. Barlow en sersant-majoor G. Barber diens by die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege op Voortrekkerhoogte in Januarie 1938 aanvaar. Die Tak Liggaamlike Opleiding van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege is in Mei 1938 gestig. Die stelsel van die Britse leer is hier gevolg (Goosen, 1970:181).

Op 1 April 1938 is D.H. Craven as direkteur van Liggaamlike Opleiding in die Unie-Verdedigingsmag aangestel. Sy aanstelling het in November 1939 van krag geword nadat hy 'n uitgebreide toer deur Europa onderneem het en verskeie kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde deurloop het (Geyer, 1969:176). Dit was dan ook as gevolg van majoor D.H. Craven dat daar na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in Sep-

tember 1939 'n vernuwing in die Tak Liggaamlike Opleiding van die Unie-Verdedigingsmag plaasgevind het. Hy het 'n spelestelsel ingevoer met die doel om die soldate fiks te kry vir oorlogvoering (Geyer, 1969:177). Majoor Craven was oortuig dat sy stelsel meer voordele ingehou het as die stelsel wat te Aldershot toegepas is, en wel om die volgende redes:

1. Dit het vir oorlogtydse toestande voorsiening gemaak waartydens 'n groot aantal persone oor 'n kort tydperk liggaamlik en geestelik vir oorlogvoering voorberei moes word.
2. Dit het die probleem van uitrusting uitgeskakel omdat slegs 'n geringe hoeveelheid apparaat nodig was vir die beoefening van spele.
3. Die spelestelsel was spesifiek Suid-Afrikaans en het die verbeelding van die individu aangegryp en hom tot die uiterste aangespoor (Geyer, 1969:176).

Die opleiding van kadetoffisiere met insluiting van hulle opleiding as instruktors in Liggaamlike Opleiding was op dié stadium die verantwoordelikheid van die Departement van Verdediging. In 1938 het die kadetorganisasie in Suid-Afrika uit ongeveer 50 000 lede bestaan. Tot op daardie stadium het hulle opleiding hoofsaaklik uit drilwerk en skyfskiet bestaan en die behoefte is gevoel om ook Liggaamlike Opleiding by hulle opleidingsprogram te voeg (Loubser, 1961:99). In samewerking met die Departement van Onderwys is toe besluit dat onderwysers wat range in die beweging beklee, die geleentheid gegun sou word om kursusse by die Tak Liggaamlike Opleiding van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege te deurloop. Dié kursusse is gedurende vakansies aangebied en het bestaan uit vrystaande tabelle, spele, behendigheid en apparaatwerk, ontspanningsopleiding sowel as die teorie van Liggaamlike Opvoeding. Die uitbreek van die oorlog het egter die groei en ontwikkeling van die beweging gesmoor (Loubser, 1961:100).

In 1940 is die Vrouehulpdiens as 'n eenheid van die Unie-Verdedigingsmag gestig (Geyer, 1969:182). Met die opname en mobilisering van vroue in die leer- en in lugmageenhede het dit noodsaaklik geword om ook vir hulle ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding en ontspanning voorsiening te maak. Op grond hiervan is luitenant (mej.) M. Barrett met die

aanvoorwerk belas en sy is later bygestaan deur luitenant (maj.) C.K. Symons en twee addisionele instruktrises (Geyer, 1969:183). Kursusse vir assistente sowel as vir gevorderde instruktrises is aangebied. Dié kursusse het uit die volgende subkursusse bestaan:

Fikshou-oefeninge, Medaubal oefeninge, Lewensredding, Skandinawiese Danse, Organisasie van Sport en Afrigting van Spele en Rekreatiewe Opleiding (Barrett, 1945:95).

Die Vrouehulpdiens het vanaf 1941 verskeie vertonings gelewer en met die einde van die oorlog is die werksaamhede van die Vrouehulpdiens beëindig.

In 1941 is die liggaamlike en rekreatiewe opleiding van die Unie-Verdedigingsmag na krygsgevangenes in kampe uitgebrei (Geyer, 1969:187).

'n Verdere ontwikkeling wat plaasgevind het, was die totstandkoming van die Liggaamlike Opleidingsbataljon (LOB) (Geyer, 1969:128). Vroeg in 1937 reeds het die probleem van liggaamlik vertraagde rekrute in militêre opleiding hom by die Spesiale Diensbataljon voorgedoen. Algemene liggaamsoefeninge was te straf vir dié rekrute sodat slegs remediërende gimnastiek oorgebly het om dié rekrute te rehabiliteer. As gevolg van die situasie is besluit op die instelling van die sogenaamde "K"-pelotons (vernoem na mnr. Kuschke, sekretaris van Sosiale Werk, wat 'n leidende aandeel hierin geneem het) vir die liggaamlik vertraagde en subnormale rekrute. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het hierdie "K"-pelotons 'n aparte en selfonderhoudende instelling geword, bekend as die Liggaamlike Opleidingsbataljon (Loubser, 1961:100) Hierdie instelling het sulke goeie werk gedoen dat daar soms van 600 tot 6 000 jeugdige hierdie opleiding ondergaan het. Hierna is hulle in militêre eenhede geplaas en het hulle gehelp om die tekort aan mannekrag in die Unie-Verdedigingsmag te verlig. Tot 1942 was hierdie bataljon onder bevel van luitenant-kolonel J.C. Barnard en hy is deur luitenant-kolonel D.H. Craven opgevolg (Geyer, 1969:128). Hierdie bataljon is in 1946 van die Departement van Verdediging geskei en sou daarna onder die Departement van Onderwys ressorteer. Die naam daarvan is ook gewysig na die

Liggaamlike Opleidingsbrigade. Die doel was nou om aandag aan die rehabilitasie en opvoeding van fisiek-agterlike en vertraagde jeugdiges dwarsoor Suid-Afrika te skenk. Nog 'n reorganisasie het in 1947 plaasgevind toe die Boys High for the Physical Debilitated te Kimberley in die lewe geroep is met dr. D.H. Craven as hoof. 'n Soortgelyke skool vir meisies het in 1949 te Alexandersfontein tot stand gekom (Loubser, 1961:101).

Op 20 Augustus 1943 is 'n liggaamlike rehabilitasieskema ontwerp om voorsiening te maak vir die rehabilitasie van diegene wat op die slagveld letsels of liggaamlike gebreke opgedoen het (Goosen, 1970:184). Hierdie skema het op 18 Januarie 1947 ten einde geloop (Geyer, 1969:204).

2.4 DIE TYDPERK 1950 - 1971

Dié tydperk word veral gekenmerk deur die hernieude belangstelling in Liggaamlike Opvoedkunde sedert die Tweede Wêreldoorlog. Die tydperk is ingelui met die stigting van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning (SAVGLO & O) met die doel om die belange van gesondheid, liggaamlike opvoeding en rekreasie in Suid-Afrika te bevorder. Die daadwerklike stappe wat geneem is ter verbetering van oefenfasiliteite en die verskaffing van voldoende apparaat, die vernuwing van leerplanne en die belangstelling wat in navorsing op die gebied ontstaan het, was kenmerkend van dié periode.

Hoewel die eerste Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoeding (wat deur die Universiteit van Stellenbosch se departement Liggaamlike Opvoedkunde geïnisieer is) reeds in 1945 te Kaapstad en Stellenbosch plaasgevind het, is die eerste daadwerklike stap tot die stigting van 'n nasionale vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde eers in 1947 geneem. Dit was tydens 'n gimnastiekkursus van Switserse gymnaste te Voortrekkerhoogte dat 'n groepie geesdriftiges onder leiding van A.H. Britton besluit het om die stigting van 'n Suid-Afrikaanse vereniging vir gesondheid, liggaamlike opvoeding en ontspanning te onderneem. Van

hierdie voorneme het aanvanklik nie veel tereg gekom nie maar in Januarie 1950, tydens die tweede kongres vir Liggaamlike Opvoeding te Stellenbosch, is die saak weer aangeroe en is die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning in die lewe geroep met dr. D.H. Craven as voorsitter en dr. J.W. Postma as sekretaris (Anon., 1950a:g).

In 1958 is die naam van die vereniging verander na die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie(SAVLOR) (RGN, 1982c:160) en in 1983 is die naam verander na die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie(SAVSLOR). Lede van die Vereniging het die gemeenskaplike doel gehad om:

"... saam te werk ten einde steun te verleen aan dit wat gedoen is op alle vlakke van owerheidsverantwoordelikheid en deur vrywillige bydraes, om hoër standaarde van nasionale liggaamlike fiksheid te bevorder en om dit tegelyk te benadruk dat liggaamlike opvoeding, sport, gesondheidsopvoeding en rekreasie unieke geleenthede bied vir die aankweek van gewenste geestelike waardes en konstruktiewe vryetydsgewoontes" (Opperman, 1965).

Om sy doelstellings te bereik is die volgende sake deur die Vereniging geïnisieer:

1. Verskillende studiegroepe is in die lewe geroep ten einde die uitdagings van toenemende verandering die hoof te bied, om aan te pas by wisselende omstandighede, om die gebreke in die bestaande dienste te ontleed en oplossings daarvoor te probeer vind en om die algemene probleme waarmee die Vereniging te kampe gehad het onder oë te neem.
2. Kitsklaarprogramme is saamgestel ten einde takke van die Vereniging in staat te stel om sinvolle programme vir hulle lede aan te bied. Elke program het uit 'n bandopname van 'n praatjie deur 'n deskundige oor 'n gegewe onderwerp, een of meer films in verband daarmee, geskrewe inligting oor die onderwerp, 'n lys van aanbevole publikasies oor die onderwerp en wenke aan takke in verband met

moontlike projekte wat deur hulle op die besondere gebied onderneem kon word, bestaan.

3. Liggaamlike fiksheids- en vaardigheidstoetse is in samewerking met die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport ontwikkel en landswyd van stapel gestuur onder die vlag van die Nasionale Fiksheidskema wat deur Ou Mutual geborg is.
4. Eervolle vermeldings en merietetoekennings is deur die Vereniging gemaak as metode om erkenning te verleen vir onderskeidende diens wat ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde gelewer is.
5. Om die nodige skakeling te handhaaf en op hoogte te bly met die jongste ontwikkelinge, het die Vereniging by verskeie ander instansies geaffilieer soos onder andere Die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport; The International Council for Health, Physical Education and Recreation (ICHPER); Fédération Internationale d'Éducation Physique (FIEP); Physical Education Association of Great Britain and Northern Ireland; International Association for Physical Education and Sport for Girls and Women (IAPESGW), en LIGUM.
6. Die tydskrif Vigor het tot 1966 as die amptelike mondstuk van die Vereniging gedien.
7. Verskeie publikasies oor fiksheid is deur die Vereniging gepubliseer.
8. Die tweejaarlikse kongres (wat telkens in verskillende sentra van die land aangebied is) het die hoogtepunt gevorm van die Vereniging se aktiwiteite. Die kongres was verantwoordelik vir die verkiesing van ampsdraers, kontrolering van die werksaamhede van die Vereniging en vir die inisiëring van nuwe projekte. Die aanbieding van referate, kursusse, vertonings, vergaderings van afdelings en eervolle vermeldings het 'n belangrike deel van dié verrigtinge gevorm.
9. Dié Vereniging het navorsing op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie baie sterk ondersteun.
10. Die Departement van Sport en Ontspanning (wat in 1966 deur die regering in die lewe geroep is) het sy ontstaan hoofsaaklik aan die werk van die SAVLOR te danke (Kemp, 1982).

Die organisasie van die Vereniging het aanvanklik by 'n hoofbestuur berus met verskillende afdelings ten opsigte van die volgende belangstellingsgroepe:

- Vroue-afdeling
- Dosente en Inspektoraatsafdeling
- Navorsingsafdeling
- Rekreasie-afdeling
- Onderwysafdeling
- Studente-afdeling
- Individuele lede

Dit blyk dus dat die SAVLOR sedert sy stigting in 1950 nie passief was nie maar waardevolle aanvoerwerk gedoen het om die algemene publiek onder die besef van die belangrikheid van fiksheid en gesondheid te bring. Met die stigting van die Departement van Sport en Ontspanning is van die SAVLOR se funksies deur dié Departement oorgeneem. Een gevolg hiervan was dat die SAVLOR 'n lae profiel ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika gehandhaaf het. Hierdie toestand het egter in die laat sewentigerjare verander - soos wat sal blyk uit die bespreking van die ontwikkeling in die tydperk 1972-1980.

In 1951 het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap besluit om sekere adviserende rade soos die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding en die Nasionale Adviserende Raad vir die Opvoeding van Volwassenes af te skaf en om een sentrale raad in te stel wat die Departement moes adviseer. Die raad wat eventueel in die lewe geroep is, het as die Nasionale Adviserende Raad vir Opvoeding Buite Skoolverband (NAROBS) bekendgestaan. Met die oog op die omvang en uiteenlopende funksies van die Raad, is dit deur die volgende vier permanente onderkomitees bygestaan, naamlik:

- Die Nasionale Komitee vir Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning
- Die Nasionale Komitee vir Opvoeding van Volwassenes
- Die Nasionale Komitee vir Kunsbevordering - wat ook advies moes lewer ten opsigte van skrywerskringe en biblioteke
- Die Nasionale Komitee vir Wetenskapsbevordering - wat ook advies moes lewer oor museums (Anon., 1951a:5)

Die Nasionale Komitee vir Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning was die Raad (NAROBBS) behulpsaam met al die pligte op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning wat voorheen by die NARLO berus het. Die kwartaalblad *Vigor* is byvoorbeeld vanaf Junie 1951 deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap - in samewerking met die Departement van Gesondheid van die Unieregering - uitgegee. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het ook 'n verteenwoordigende leerplankomitee saamgestel om deeglik ondersoek in te stel na die beste vorm waarin nuwe publikasies aangebied kon word. Die resultaat hiervan was dat twee afsonderlike werke in die plek van die Junior Boek uitgegee is, naamlik *Liggaamlike Opvoeding vir Meisies* (Leeftydsgroep 5 1/2 tot 12 1/2 jaar) in 1958 (Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1958) en *Liggaamlike Opvoeding vir Seuns* (Leeftydsgroep 8 1/2 tot 12 1/2 jaar) in 1960 (Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1960).

Met die totstandkoming van die **Departement van Sport en Ontspanning** in 1966 het die Nasionale Komitee vir Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning van die toneel verdwyn. Die Departement van Sport en Ontspanning is amptelik op 1 Julie 1966 ingestel met die taak om sport en ontspanning in die Republiek van Suid-Afrika te bevorder ten einde die ontwikkeling van 'n sterk en gesonde bevolking te verseker (De Klerk, 1978:292).

Met die totstandkoming van die Departement van Sport en Ontspanning het die blad *Vigor* in die slag gebly aangesien die Departement van Sport en Ontspanning en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap nie eenstemmigheid kon bereik oor wie verantwoordelikheid vir die blad moes aanvaar nie (Willemse, 1969:120). Gevolglik het die laaste uitgawe van die blad in Desember 1966 verskyn. Dit was betreurenswaardig aangesien daar vir Liggaamlike Opvoedkunde geen eie tydskrif meer sou wees nie. Hoewel die Departement van Sport en Ontspanning in 1975 begin het met die publikasie van die blad *TopSport* kon dit nie aan die behoeftes van Liggaamlike Opvoedkunde voldoen nie (De Klerk, 1978:253).

In 1968 is die volgende twee werke deur die Departement van Kultuursake gepubliseer, naamlik *Handboek vir Liggaamlike Opvoeding: Gimnastiek vir*

Seuns en Mans (wat 'n hersiene uitgawe van die oorspronklike Senior Boek I was) (Departement van Kultuursake, 1968) en Terminologie vir Liggaamlike Opvoeding (Departement van Kultuursake, 1968). Dit blyk dus dat verskillende staatsdepartemente in die tydperk 1950-1971 wel 'n groot bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van die vak Liggaamlike Opvoedkunde.

Die toestand van Liggaamlike Opvoedkunde in die onderwys het gedurende die betrokke tydperk 'n merkwaardige verbetering getoon - veral ten opsigte van die voorsiening van beter fasiliteite en apparaat, doeltreffender opsienerswerk, die daarstelling van nuwe leerplanne en die verhoging van die opleidingstandaard van onderwysers (Pienaar, 1969:111; OVS Onderwysdepartement, 1955:73).

Aan die begin van 1950 is daar nog in die meeste jaarverslae van die Direkteure van Onderwys van die verskillende provinsies gemeld dat by die skole 'n groot behoefte bestaan aan oefenfasiliteite, toerusting, verkleegeriewe en bergruimte vir apparaat. Dié gebrek aan fasiliteite was nie bevorderlik vir die ontwikkeling van die vak nie (Pienaar, 1969:110). Met verloop van tyd het die onderskeie onderwysdepartemente al hoe meer aandag aan hierdie leemtes gegee. So is daar byvoorbeeld sedert 1954 al hoe meer aandag aan die aanlê van grasperke, bou van skoolsale en verskaffing van toestelle in die Oranje-Vrystaat gegee (OVS Onderwysdepartement, 1955:73). In 1958 is in die Transvaal besondere pogings aangewend om bergruimtes vir apparaat op te rig terwyl spesiale aandag ook gegee is aan die behoorlike kontrole oor en verspreiding van apparaat ten opsigte van die middelbare skole. Daar is ook onderhandelings aangeknoop om, in oortleg met die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde, standaardspesifikasies vir die vervaardiging van apparaat vir Liggaamlike Opvoedkunde op te stel (Pienaar, 1969:95).

In 1964 het die toestande in skole sodanig verbeter dat daar in Transvaal 22 hoërskole met gimnastieksale was, 23 sale was in aanbou en 39 was in die beplanningstadium (Pienaar, 1969:111). In die Kaapprovinsie was bykans alle hoërskole en groter laerskole voorsien van kleedkamers en stortgeriewe.

Sedert 1968 het die Kaapprovinsie begin met 'n kliniek vir korrektiewe oefeninge. Laerskoolleerlinge wat deur die mediese inspekteurs van skole na die klinieke verwys is, is gedurende skoolure (op koste van die administrasie) daarheen vervoer terwyl hoërskoolleerlinge dié klinieke na-ure besoek het. Leerlinge het behandeling ontvang deur middel van voetoefeninge, houdingsoefeninge, korrekte houdings- en asemhalingsoefeninge (Kaapse Onderwysdepartement, 1969:12).

Die opbloeï wat die vak aan die einde van die periode 1950-1971 beleef het, kan ook deels aan die bydraes van die opsieners van Liggaamlike Opvoedkunde (later bekend as vakadviseurs) toegeskryf word. Waar daar aanvanklik net een of twee opsieners in 'n provinsie aangestel is, is daar geleidelik al hoe meer aangestel sodat doeltreffender advisering in die vak aan skole gelewer kon word. In 1961 het die Kaapprovinsie reeds vier vakadviseurs (twee mans en twee dames) in hulle diens gehad (Willemse, 1969:87). In 1965 het die Transvaal gevolg met vier vakadviseurs en in 1966 die Oranje-Vrystaat met vier vakadviseurs (Willemse, 1969:111). In Natal is die werk aanvanklik alleen deur E. Braham verrig totdat mev. J.W. Ringer in 1971 ook as vakadviseuse aangestel is.

Die vakadviseurs het nie alleen waardevolle werk deur middel van vakadvies gelewer nie, maar hulle het ook deur middel van bydraes ten opsigte van kursusse, vervaardiging van films, die publisering van artikels in *Vigor* en die opstel van leerplanne en van inligtingspamflette 'n belangrike bydrae gelewer (Willemse, 1969:102).

Wat die leerplan in Liggaamlike Opvoedkunde betref, was die toestand in al die skole op daardie stadium sodanig dat elke Liggaamlike Opvoedkundige na eie goëddunke 'n leerplan wat by die behoeftes van die skool aangepas het uit die bestaande leerplanne van die NARLO moes opstel. Die gevolg was dat daar geen behoorlike werkskemas opgestel is nie. Hierbenewens het die feit dat die leerplanne van die NARLO nie volgens leeftydsgroepe ingedeel was nie en dus oefeninge ingesluit het wat té gevorderd vir leerlinge was, die behoefte aan 'n eenvormige leerplan in die verskillende provinsies genoodsaak (Pienaar, 1966:106). In Natal is 'n leerplan vir standaard I tot VII uitgegee (Natalse

Onderwysdepartement, 1953:1). In die Oranje-Vrystaat is daar vir die eerste keer in die geskiedenis van die provinsie 'n leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde in 1955 uitgegee. Hoewel dieselfde lesindeling as in die verlede gevolg is, naamlik opwarming en gekonstrueerde oefeninge, is die laaste afdeling van die leerplan toegespits op die aanleer van vaardighede ten opsigte van verskeie ontspanningsaktiwiteite vir gebruik later in die lewe (OVS Onderwysdepartement, 1955:1). In Transvaal is die eerste Transvaalse leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde in die middelbare skool in 1962 na die skole gestuur. Volgens Pienaar (1969:108) was die vooruitgang van Liggaamlike Opvoedkunde as skoolvak ná die verskyning van dié leerplanne merkwaardig.

Teen die einde van die tydperk 1950-1971 het 'n algemene behoefte onder Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika ontstaan aan 'n leerplan in Liggaamlike Opvoedkunde wat nasionaal geïmplementeer kon word. Hierdie ideaal is in 1972 verwesenlik met die daarstelling van Nasionale Kernsillabusse vir Liggaamlike Opvoedkunde vir Meisies sowel as Seuns van sub A tot standerd 10. Die feit dat studiekomitees in verskillende vakke (en daarom ook Liggaamlike Opvoedkunde) aan die einde van die sestigerjare deur die Onderwysdepartemente in die lewe geroep is, het die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde sowel as die standaard daarvan in skole aansienlik verbeter.

Die toestand van Liggaamlike Opvoedkunde in die weermag in die betrokke tydperk was kortliks soos volg: Tot 1959 is die speleprogram gevolg en dit was eers in 1959 dat 'n nuwe leerplan in Liggaamlike Opvoedkunde ingestel is; die oefeninge was in kategorieë uitgewerk en daaruit is tabelle opgebou. Elke tabel het die volgende hoofgroep aktiwiteite bevat:

1. Marsjeer en hardloop (4 minute)
2. Inleidende oefeninge (6 minute)
3. Asemhalingsoefeninge (1 minuut)
4. Kleinterreinspele (4 minute)
5. Houdingsoefeninge vir die dye, skouers, rug en sye (8 minute)
6. Ontwikkelingsoefeninge soos maagoefeninge, touklim, balansoefeninge en hysoefeninge (10 minute)

7. Algemene oefeninge soos gesteunde spronge, behendigheids-oefeninge en mededingende speletjies (10 minute).
8. Kalmerende oefeninge (2 minute)

Die Tak Liggaamlike Opleiding aan die Militêre Kollege in Pretoria het hom hoofsaaklik besig gehou met die opleiding van instruksors vir die leër, lugmag en vloot. Tot 1959 was dit die enigste inrigting van sy soort in die Suid-Afrikaanse Weermag. In 1959 het die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n selfstandige komponent van die Suid-Afrikaanse Weermag geword en het hulle hulle eie instruksors tot op die vlak van assistentsgraad opgelei, maar die opleiding van gevorderde instruksors vir die Lugmag het nog by die Tak Liggaamlike Opleiding van die Suid-Afrikaanse Leër plaasgevind. By alle eenhede in die Unie waar burgermagaanhede opgelei is, was daar egter 'n sogenaamde Liggaamlike Opleidingsoffisier om toesig te hou oor die liggaamlike en rekreatiewe opleiding by die betrokke eenhede.

Die volgende kursusse is by die Tak Liggaamlike Opleiding aangebied:

1. 'n Spelleierskursus wat deur alle dienswapenrekrute gevolg is
2. 'n Assistents-instruksorskursus
3. 'n Gevorderde instruksorskursus
4. 'n Gevegsliggaamlike opleidingskursus - hoofsaaklik in oorlogstyd
5. Boks-, stoei- en swemafrigterskursusse

In 1961 is sersant A. van Driel na die Army School of Physical Training-gestuur vir 'n gevorderde instruksorskursus van drie maande. Sersant van Driel se oorsese opleiding het die Britse invloed op die Suid-Afrikaanse Weermag weereens beklemtoon (Willemsse, 1969:123).

Die 1959-leerplan was tot in 1966 in gebruik. Die nuwe leerplan wat daarna verskyn het, was getiteld: Liggaamlike Opleiding in die Suid-Afrikaanse Weermag en was geklassifiseer as Handleiding vir Gevegsliggaamlike Opleiding (Goosen, 1970:196).

Die doelstelling met fisieke fiksheid in Liggaamlike Opleiding in die Suid-Afrikaanse Weermag is in die leerplan soos volg uiteengesit:

1. Om die rekrut liggaamlik en geestelik vir oorlog voor te berei.
2. Om die opgeleide soldaat se fiksheid vir sy besondere rol in die oorlog te behou.
3. Om die goeie gesondheid en welsyn van mans van 35 jaar en ouer sowel as werknemers en kantoorwerkers te bevorder en te behou.
4. Om rekrute liggaamlik en geestelik te ontwikkel deur middel van progressiewe oefeninge.
5. Om eienskappe soos selfvertroue, selfdisipline, leierskap, wilskrag en spangees te ontwikkel (Goosen, 1970:199).

Om dié doelstellings te bereik is 'n stelsel van opleiding, wat op groepe gebaseer is, ontwerp. Dit het verseker dat almal Liggaamlike Opleiding ontvang het wat in ooreenstemming met hulle diensvereistes sowel as hulle standaardfiksheidsvereistes was. Die groepsindeling wat gebruik is, was soos volg:

- Groep A: Gewone rekrute
- Groep C: Vegeenhede
- Groep D: Onafhanklike Konstruksieregiment
- Groep F: Leeftydsgroep 35-60 jaar en tegnisi
- Groep G: Valskermopleidingsgroep

Die leerplan van 1966 is gevolg tot 1972 toe 'n nuwe stelsel, soos deur Goosen voorgestel, in werking getree het (Goosen, 1970).

2.5 DIE TYDPERK 1972 - 1982

Die tydperk van 1972 tot 1982 word gekenmerk deur die vooruitgang wat daar op onderwysgebied gemaak is - veral as gevolg van die instelling van nasionale kernsillabusse vir Liggaamlike Opvoedkunde vir skole, die verbreding van terreine in die vak, die sterk beklemtoning van navorsing en die positiewe bydrae van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVLOR) tot die ontwikkeling van die vak.

Die instelling van nasionale kernsillabusse vir Liggaamlike Opvoedkunde in die betrokke tydperk, was 'n hoogtepunt in die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde. Na aanleiding van 'n besluit van die Komitee van Onderwyshoofde dat nasionale kernsillabusse opgestel moet word, is interdepartementele kernsillabusse opgestel (Neethling, 1978). Die kernsillabus vir dogters is in 1972 en die kernsillabus vir seuns is in 1973 in werking gestel. Verskeie bekendstellingskursusse is in verskillende provinsies gehou om onderwysers vertrouwd te maak met die nuwe sillabusse.

Die standaard van Liggaamlike Opvoedkunde op skole is verder verhoog deur die verbetering van oefenfasiliteite en apparaat sowel as die daarstelling van vakspesialiste. So is byvoorbeeld in 'n verslag oor Liggaamlike Opvoedkunde in 1978 in Natal vermeld:

"Most of the schools have swimmingpools. Playing fields and exercise areas are adequate and in some instances more than necessary. The majority of schools have efficient equipment". (Natal Onderwysdepartement, 1978:2).

Ook in Transvaal is in die jaarverslag van E. Candido vermeld: "Alle hoërskole beskik oor die nodige apparaat" (TOD, 1977:2).

'n Verdere verbetering ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding het plaasgevind met die aanstelling van vakspesialiste in Liggaamlike Opvoedkunde by skole. Daar was egter oor die algemeen 'n tekort aan manlike vakspesialiste - tot so 'n mate dat 'n vakadviseur in Liggaamlike Opvoedkunde in Transvaal in 1977 soos volg berig het: "Die tekort aan vakspesialiste (mans) aan sekondêre skole het 'n kritieke fase bereik. Nagenoeg 50% van alle sekondêre skole moet sonder die dienste van 'n opgeleide Liggaamlike Opvoedingonderwyser klaarkom" (TOD, 1977:3). Een van die belangrikste redes waarom daar 'n tekort aan manlike vakspesialiste was, was omdat daar op daardie stadium baie swak promosiegeleenthede vir gekwalifiseerde onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde aan sekondêre skole was (TOD, 1978:4).

Die instelling van Jeugweerbaarheid en die beklemtoning van Buitelugopvoeding in skole gedurende 1972 tot 1982 (Kaapse Onderwysdepartement, 1972; TOD, 1974; TOD, 1977; Natalse Onderwysdepartement, 1978), het verder daartoe bygedra dat Liggaamlike Opvoedkunde aan skole bevorder is. Vanaf 1973 is Jeugweerbaarheid verpligtend vir alle leerlinge gemaak in alle skole in die Republiek. In dié kursus is nie alleen die geestelike weerbaarheid nie maar ook die liggaamlike fiksheid van die leerling beklemtoon (Kaapse Onderwysdepartement, 1972:2). Dit het op 'n indirekte wyse dus die waarde van Liggaamlike Opvoedkunde te berde gebring. Die buitelugprogram het ook heelwat liggaamlike aktiwiteite ingesluit waardeur die waarde van 'n doeltreffende program in Liggaamlike Opvoedkunde weer eens op die voorgrond gekom het.

Verdere vooruitgang op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde het plaasgevind met die implementering van 'n evalueringstelsel in Liggaamlike Opvoedkunde in skole. G. Coetzee, vakadviseur in Liggaamlike Opvoedkunde in Transvaal, het byvoorbeeld in 1978 gemeld dat die implementering van 'n gestandaardiseerde evalueringstelsel in Liggaamlike Opvoedkunde spesiale aandag in 1979 sou geniet (TOD, 1978:4). Verskeie provinsies het in die laat sewentigerjare met hulle eie evalueringstelsels in Liggaamlike Opvoedkunde in hulle skole begin.

Die instelling van vakstudiekomitees deur die Onderwysdepartemente in hierdie tydperk het die ontwikkeling sowel as die standaard van Liggaamlike Opvoedkunde aansienlik bevorder omdat spesialiste op die gebied saam besluite kon neem met betrekking tot die ontwikkeling van die vak in onderwysverband.

Gedurende die einde van die tydperk 1972-1982 is besondere aandag aan die samestelling van leerplanne in Liggaamlike Opvoedkunde in die spesiale skole gegee. In die jaarverslag van die Direkteur van Onderwys van Transvaal is in 1980 melding gemaak van die eerste kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde vir spesiale skole wat aangebied is sedert die ingebruikneming van die nuwe sillabus vir seuns in 1973 (TOD, 1980:1).

Die verskynsel dat prestasiesport in die primêre skole soveel aandag begin kry het dat dit Liggaamlike Opvoedkunde begin verdring het, is 'n interessante kenmerk van dié tydperk (TOD, 1978:4). Die deelname van primêre skoolleerlinge op interprovinsiale vlak in verskeie sportsoorte het soveel kommer gebaar dat die Komitee vir Onderwys hoofde in 1974 besluit het dat dit in beginsel enige sportsoort op interprovinsiale vlak afkeur, en dat dit die saak verder in die hande van die onderskeie departemente sou laat om met die betrokke instansies te reël (Kaapse Onderwysdepartement, 1974:6). Die gevolg hiervan was dat elke provinsie se Onderwysdepartement 'n eie beleid in hierdie verband daargestel het.

Wat korrektiewe oefeninge in Liggaamlike Opvoedkunde in die Kaapprovinsie betref, het die Kaapse Onderwysdepartement vanaf 1968 daarmee voortgegaan in die noordelike en sedert 1973 in die suidelike voorstede van Kaapstad (Kaapse Onderwysdepartement, 1973:19). Die studente van die opleidingsinrigtings waar gespesialiseerde opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde (die Opleidingskollege te Paarl en die Universiteit van Stellenbosch) aangebied is, het die klinieke - as deel van hulle praktiese opleiding in korrektiewe Liggaamlike Opvoedkunde - besoek (Kaapse Onderwysdepartement 1973:19). Dié klinieke is in 1976 gesluit aangesien die voortsetting van die dienste daarvan strydig was met die bepalings van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepes (56/1974) waarin voorsiening gemaak is vir strenger beheer oor alle bedrywighede of handeling wat op die diagnoseer, behandeling en voorkoming van enige geestes- of liggaamlike gebrek, ongesteldheid of tekortkoming by die mens gerig was (Kaapse Onderwysdepartement, 1976:21).

Gedurende die tydperk 1972-1982 het die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde besondere vooruitgang beleef. Benewens die feit dat 'n groter aantal Blanke opleidingsinstansies Liggaamlike Opvoedkunde as vak aangebied het, is daar ook meer aandag geskenk aan die opleiding van Liggaamlike Opvoedkundiges by die opleidingsinrigtings van die Asiër-, Kleurling- en Swart bevolkingsgroepe (RGN, 1982a:100). In 1982 was daar byvoorbeeld agt Blanke, een Asiër,

een Kleurling en drie Swart universiteite wat gespesialiseerde kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde aangebied het (RGN, 1982a:100).

Omdat die terreine wat die vak betree het al hoe meer uitgebrei het, moes daar noodwendig aanpassings in die opleidingsprogramme vir studente gemaak word, sodat - benewens Liggaamlike Opvoedkunde - ook kursusse soos Sportkunde, Rekreasiekunde en Gesondheidsbevorderende dienste daarby ingesluit is. In 1982 is die volgende vernaamste opleidingskursusse in Sport, Rekreasie en Gesondheidsbevorderende dienste by Suid-Afrikaanse Universiteite aangebied:

- **Sport:** Een universiteit het Sportkunde as 'n aparte vak aangebied. Drie universiteite het spesialiseringrigtings (Liggaamlike Opvoedkunde, Sportkunde en Rekreasiekunde) in die derde jaar aangebied en een universiteit het 'n geïntegreerde kursus - wat sportkunde in die eerste en tweede jaar insluit - aangebied (RGN, 1982a:141).
- **Rekreasie:** Een universiteit het 'n vierjarige graadkursus in Parke en Ontspanningsadministrasie - waarvan Rekreasie as 'n hoofvak oor drie jaar gestrek het - aangebied (Fakulteit van Bosbou). Een universiteit het 'n nagraadse diplomakursus in Rekreasiekunde aangebied terwyl alle Departemente van Liggaamlike Opvoedkunde voorsiening gemaak het vir Rekreasiekunde as 'n vakkeuse vir 'n Honneursgraad (RGN, 1982a:142).
- **Gesondheidsbevorderende Dienste:** Liggaamlike Opvoedkunde-opleiding vir gestremdes is aan een universiteit as vak in die tweedejaar aangebied of as modules in Liggaamlike Opvoedkunde in die derde en vierde jaar. Een universiteit het 'n spesialiseringrigting vir oefenkundiges aangebied (RGN, 1982a:142).

'n Verdere ontwikkeling wat in die tydperk 1972-1982 plaasgevind het was die beklemtoning van navorsing op die verskillende terreine asook aanverwante terreine van die vak. Waar doseerwerk aanvanklik die hoof funksie van dosente aan universiteite gevorm het, het vakgerigte navorsingswerk al hoe meer 'n staanplek begin kry. Volgens die

RGN-sportondersoek wat in 1982 voltooi is, het dit geblyk dat manlike univerteitsdosente 64,9% van hul tyd aan doseerwerk en aanverwante pligte bestee, 23,3% aan navorsing en 11,8% aan dienslewering na buite terwyl 64,5% van die vroue hul tyd aan doseerwerk en aanverwante pligte, 21,9% aan eie navorsing en 13,6% aan vakgerigte dienslewering na buite bestee (RGN, 1982a:219).

Tradisioneel moes persone wat navorsing onderneem het - veral wanneer dit geskied het deur middel van 'n verhandeling of proefskrif, 'n groot deel van die oorhoofse koste uit eie sak dra. In sommige gevalle is ondersteunende bydraes ontvang van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en in 'n geringer mate van die Mediese Navorsingsraad. Sedert 1973 het die eertydse Departement van Sport en Ontspanning, tans die Tak Sportbevordering van die Departement van Nasionale Opvoeding, 'n toenemend belangrike finansierder van navorsing in sport, Liggaamlike Opvoedkunde en rekreasie geword. Sedert 1981 is die fondse deur die SAVLOR gekanaliseer (RGN, 1982a:220). Die belangrike rol wat navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde en aanverwante terreine in Suid-Afrika begin speel het, word duidelik weerspieël in die Verslag van die Komitee van ondersoek na die stand van sport en fisieke rekreasie onder die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika(Hoekverslag) wat in 1978 verskyn het (Departement van Sport en Ontspanning, 1978) sowel as die RGN-sportondersoek wat in 1982 afgehandel is (RGN, 1982b).

Navorsingskennis word gewoonlik op simposia en kongresse, gepaardgaande met dieptegesprekke, uitgeruil. In Suid-Afrika het dit dan ook praktyk geword dat 'n jaarlikse nasionale of internasionale simposium oor navorsing in sport, Liggaamlike Opvoedkunde en rekreasie aangebied word (RGN, 1982a:229). In die verband het die SAVLOR, met finansiële steun van die Tak Sportbevordering van die Departement van Nasionale Opvoeding leiding geneem. 'n Aantal uitgelese vakkundiges uit die buiteland is op gereelde basis na sulke simposia genooi en om besoeke te bring aan die vernaamste navorsingsentra (gewoonlik aan universiteite) in spesialiteitsrigtings waarin die persone belang gestel het, (RGN, 1982a:229). Suid-Afrikaanse navorsers op die gebied van sport, Liggaamlike Opvoedkunde en rekreasie het ook in 'n groter mate

voordragte op internasionale simposia in ander lande begin lewer (RGN, 1982a:229).

Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie (SAVLOR) het 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in dié tydperk in Suid-Afrika gelewer. Die bydrae van die SAVLOR was des te merkwaardiger sedert die Vereniging se sake vanaf 1981 deur 'n voltydse sekretariaat - bestaande uit 'n sekretaris /koördineerder en 'n tikster/klerk - behartig is (RGN, 1982c:161).

Die Vroue-afdeling van die SAVLOR het in 1977 die onderskeiding behaal deur daarin te slaag om die agste Internasionale Kongres vir Liggaamlike Opvoedkunde en Sport vir Dogters en Vroue aan te bied. Die kongres het van 14-20 Augustus 1977 te Kaapstad plaasgevind en is deur verteenwoordigers van bykans dertig lande vanuit Afrika, Australië, Europa, Noord-Amerika en Suid-Amerika bygewoon (IAPESGW, 1977).

'n Verdere bewys van die positiewe bydrae van die SAVLOR tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde is verder gelewer deur die uitgawe van 'n navorsingstydskrif Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning in 1978. Die tydskrif was tweetalig (Afrikaans en Engels) en artikels van hoë standaard is gepubliseer. 'n Besondere veldtog is in 1980-1981 geloods om die navorsingstydskrif op die internasionale mark te bemark en kopieë van die tydskrif is aan 56 internasionale dokumentasiesentra dwarsoor die wêreld gestuur. Hierdie tydskrif het die ideale geleentheid gebied om inligtingsuitruilingsprogramme met verskeie instansies aan te knoop (SAVLOR, 1982:7).

Benewens die navorsingstydskrif het die SAVLOR hom ook beywer vir die daarstelling van populêr-wetenskaplike en vakkundige publikasies. Die oogmerk was om literatuur oor bepaalde onderwerpe aan teikengroepe beskikbaar te stel (SAVLOR, 1982:7).

Die SAVLOR het besondere aandag aan internasionale en nasionale skakeling gegee. Op nasionale vlak is daar byvoorbeeld met die Suid-Afrikaanse Sportfederasie; die Trimsafederasie; die Nasionale

Instituut vir Sportadministrasie; die Departement Nasionale Opvoeding se Direktoraat Sportbevordering; die Sportstigting van Suider-Afrika en die Departement Gesondheid, Welsyn en Pensioene geskakel. Internasionale skakeling het hoofsaaklik deur middel van affiliasie by internasionale verenigings, die bywoning van internasionale wetenskaplike byeenkomste en die uitnoui van internasionale Liggaamlike Opvoedkundiges na Suid-Afrika plaasgevind (SAVLOR, 1982:9).

Die SAVLOR se navorsingsafdeling het gedurende dié tydperk goed ontwikkel. Dit kan onder andere aan die feit toegeskryf word dat die Departement van Nasionale Opvoeding se Direktoraat Sportbevordering se navorsingskema vir administrasie en koördinerings na die SAVLOR oorgedra is. Die beplanning van navorsing ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde, Sport, Rekreasie en Gemeenskapsdiens in Suid-Afrika het by die projekomitees (wat onder die leiding van die Navorsingskomitee van die Afdeling: Navorsing van die SAVLOR gestaan het) berus. Die navorsingsafdeling van die SAVLOR het vier onderafdelings gehad, naamlik Opvoedkunde, Sport, Rekreasie en Gemeenskapsdiens (SAVLOR, 1982:13).

Teen die einde van 1980 het die SAVLOR 'n radikale struktuurverandering ondergaan wat tot gevolg gehad het dat meer instansies en fasette van Liggaamlike Opvoedkunde by die Vereniging betrek kon word. Teen die einde van 1982 was die SAVLOR in alle fasette van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika betrokke en is die Vereniging se naam dienooreenkomstig verander na die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVSLOR).

Ook in die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het Liggaamlike Opleiding gedurende 1972-1982 groot veranderings ondergaan. Benewens die feit dat 'n nuwe leerplan in werking getree het, is daar ook in dié tydperk spesiale aandag aan die doeltreffender beheer van Liggaamlike Opleiding in die SAW gegee. Dit word deur middel van die onderstaande organigram uiteengesit:

**Struktuur vir Doeltreffende Beheer van Liggaamlike Opleiding
in die Suid-Afrikaanse Weermag : 1982
Direkteur-Generaal : Personeel**

Direkteur - Sport en Liggaamlike Opleiding (Brigadier)

SSO (Kolonel)

SA Leër

SA Lugmag

SA Vloot

Kolonel

Kolonel

Kaptein

Kommandant

Kommandant

Kommandeur

Instrukteurs

Instrukteurs

Instrukteurs

(Goosen, 1970:358).

Die Direktoraat Sport en Liggaamlike Opleiding moes beheer uitoefen oor alle vertakkinge van Liggaamlike Opleiding en moes oor 'n kolonel beskik wat by die hoofkwartier gesetel sou wees. Hieruit het twee kolonelsposte en 'n kapteinspos by elke weermagshoofkwartier voortgevloei. Elke kommandement het oor een of meer stafoffisiere beskik wat binne daardie gebied vir die vak verantwoordelik was, terwyl elke eenheid oor 'n opgeleide instrukteur beskik het wat uitsluitlik met Liggaamlike Opleiding in die eenheid belas was. 'n Instrukteur wat in 'n burgermagenheid was, het ses maande opleiding ontvang en het ses maande diens as Liggaamlike Opleidingsinstrukteur gedoen. Dié opleiding het by die Skool vir Liggaamlike Opleiding te Voortrekkerhoogte plaasgevind (Goosen, 1970:359).

Die belangrikste doel met Liggaamlike Opleiding in die Suid-Afrikaanse Weermag was om die soldaat te vorm om sy, deur God gestelde taak, die verdediging van sy land en volk ooreenkomstig sy beste liggaamlike, verstandelike en geestelike vermoëns te vervul (Goosen, 1970:330).

Om hierdie doelstelling te verwesenlik was dit noodsaaklik om 'n differensiasiemetode toe te pas. Dit het nie net vir elk van die drie

hoofafdelings van die Suid-Afrikaanse Weermag (Leër, Lugmag en Vloot) gegeld nie, maar ook binne die eenhede (Goosen, 1970:330). Met dié doel is die volgende indeling gemaak met inagneming van elkeen se spesifieke take:

Die Suid-Afrikaanse Leër

1. Die Infanteriekorps
2. Die Pantserkorps
3. Die Artilleriekorps
4. Die Geniekorps
5. Die Seinkorps
6. Die Diensvakeenheid
7. Die Valskermbataljon
8. Die Tegniëse Dienskorps
9. Die Mediese Korps
10. Die Militêre Polisie
11. Die Administratiewe Korps, die Suid-Afrikaanse Korps van Kapelane en die Suid-Afrikaanse Leërorkeste

Die Suid-Afrikaanse Lugmag

1. Lugpersoneel
2. Grondpersoneel

Die Suid-Afrikaanse Vloot

1. Seepersoneel
2. Landpersoneel

Tydens die basiese opleiding was die opleidingsprogram vir al drie die afdelings dieselfde en daarna is gedifferensieër (Goosen, 1970:332).

Die program wat gevolg is, het uit verskillende afdelings bestaan. In die eerste helfte van die basiese opleidingsprogram is veral klem op kondisioneringsoefeninge gelê. Paaloefeninge, kragoefeninge en geweroefeninge kon as afwisseling by kondisioneringsoefeninge gebruik

word. Gevegsoefeninge was goeie aanvullende oefeninge by normale kondisioneringsoefeninge. Aangesien dië oefeninge inspannend was, is slegs 10 minute per periode daaraan gewy. Verdere aanvullende en afwisselende oefeninge by kondisioneringsoefeninge was **staties-dinamiese-oefeninge** wat vir vyf minute per periode gedoen moes word. Hardloop is as die beste aktiwiteit beskou om uithouvermoë te bevorder en dit moes elke dag (behalwe Sondag) beoefen word. 'n Belangrike oefening wat ook in elke les aandag gekry het, was **handgemeenoefeninge** waarvoor 15 tot 30 minute per periode afgestaan is. Ter wille van afwisseling is **aflosoefeninge** gegee - maar dit is slegs dan en wan gegee.

2.6 SAMEVATTING

Dit is 'n noodsaaklikheid dat hierdie hoofstuk wat 'n kursoriese oorsig gee oor die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika vanaf 1900 tot 1982, in hierdie studie ingesluit moes word en wel om die volgende redes:

- 'n Breë agtergrond word verskaf oor die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen. Dit is nodig om kennis hiervan te hê om die bydraes van persone ten opsigte van die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde gedurende hierdie tydperk in die algemeen in die regte perspektief te sien.
- Agtergrondskennis word verskaf ten opsigte van die ontwikkeling van spesifieke aspekte of terreine van Liggaamlike Opvoedkunde soos byvoorbeeld die opleiding van onderwysers, die totstandkoming van verenigings en rade en die versorging van Liggaamlike Opvoedkunde in die skole. By die bespreking van die bydraes van Postma, Smit en Smith tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika, sal hierdie bydraes ook afgebaken word tot terreine wat groot ooreenstemming toon met die terreine wat in hierdie hoofstuk beklemtoon word. Dit het die implikasie dat 'n persoon se bydrae

ten opsigte van 'n spesifieke aspek/terrein van die vak met groter insig bejeën kan word - gesien teen die agtergrond van wat die toedrag van sake was ten opsigte van die spesifieke aspek/terrein in daardie besondere stadium.

- Die drie persone wie se bydraes tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in die volgende drie hoofstukke afsonderlik bespreek gaan word se dienslewering aan Liggaamlike Opvoedkunde het amptelik afgesluit aan die begin van die jare sewentig. Hierdie hoofstuk het die oorsig oor die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde deurgetrek tot en met 1982 (aanvangsdatum van studie). Deurdat hierdie hoofstuk inligting verskaf oor die verdere verloop van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika nadat die drie persone amptelik uitgetree het, kan 'n perspektief verkry word tot welke mate die ideale wat hul gekoester het of projekte waarmee hul begin het, verwesenlik is.



JOHAN WILLEM POSTMA